

**16 Maart**

Skrifgedeelte: 1 Konings 21:17-29  
Fokusgedeelte: 1 Konings 21:20+21

## “Draer van die waarheid altyd vyand van die sondaar!”

Betaal sonde? Nee, dit roep om vergelding: “Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde ook jou bloed lek.” Waar die misdaad gepleeg is, sal ook die straf plaasvind. Agab gaan ’n gewelddadige dood sterf, en geen behoorlike begrafnis ontvang nie. By die aanhoor van die oordeel van die Here, toon hy geen berou of bekering nie. Aanval is die beste manier van verdediging, daarom snou Agab die profeet toe: “Het jy my gekry, my vyand?” Nee, Elia het hom nie gekry nie, maar Agab het homself verkoop. Sy selfoorgawe om verkeerd te doen, het hom ingehaal. In plaas van ’n mooi wingerd kry Agab nou die oordeel van die Here: al die manlike lede van Agab se familie sal, net soos in die geval van Jerobeam en Baesa, uitgeroei word. Dat agter Agab Isébel as bese dryfveer staan, weet die Here en daarom die veel swaarder oordeel oor haar. Die honde sal nie net haar bloed lek nie, maar ook haar vleis eet. (Die woord van die Here het in vervulling gegaan. Van Isébel is net die kop en die voete en die hande begrawe. Die res het die honde geëet, 2 Kon 9:33-37.) Die Here weet wie se skuld die grootste is. As Agab die woorde hoor, toon hy tydelike berou, en die Here stel die oordeel uit na die volgende geslag.

En ons? Ons het gesien dat dit verskriklik is om te val in die hande van die lewende God. Hoe gaan ons om met sonde? Besef ons dat God die sonde haat? Bely ons ons sonde eerlik voor God? Pleit ons om vergewing alleen op grond van die lyde en sterwe en oorwinning van Jesus Christus. Spreek jou hele lewe daarvan dat jy weet dat sonde nie betaal nie? Stry jy biddend deur die krag van die Heilige Gees om in te gaan deur die nou poort?

Sing: Skrifberyming 5-4: 5, 6 [10: 5, 6]

Ds S Hibbert (Koster)